# Aangetrek vir die lewe

**Bring ‘n rollie, knipmes of pepper spray, dis rof hier.**

Gerhard de Jager | Eden Gemeente | 30 November 2025

Ons is aan die einde van ons 7 weke reis met die wapenrusting.

**Efesiers 6:11**

11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

Asof Paulus vir ons sê:

Bring ‘n rollie, knipmes of **pepperspray**; dis rof hier. En dit is, want ons het ‘n vyand wat een doel het, en dit is om ons met sy listige, slinkse planne ons te kom verwoes. Paulus gee ons raad van hoe om staande te bly.

Ons eindig die reeks af om te:

- BEGIN by die begin met die woorde IN DIE BEGIN
- Ons gaan dan stil staan by Die heel eerste vraag in die Bybel
- daarna gaan ons kyk na 4 **hoofstukke** en 104 verse van Blydskap
- en dan die oomblik toe Paulus **homself** bloedig vererg het
- En dan sluit ons die tyd af met die uitdagende storie van iemand wat die Bybel gerook het

Dit eers daar gelaat…

Kom ons herinner onsself aan die konteks waarin Paulus hierdie skryf. Paulus is onder huisarres 24 uur, 7 dae ‘n week vasgeboei aan ‘n **Romeinse** soldaat.

En in die tyd kyk hy hierdie soldaat se wapenrusting van bo tot onder, en dink by **homself**, maar dis ‘n perfekte **metafoor** vir ‘n gelowige se lewe. En dan skryf hy…

**Efesiers 6:14-17** sê:

14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, 15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. 16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. 17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die woord van God —

Paulus sê dat hierdie is nie iets wat jy net aantrek in sekere omstandighede nie; hierdie is ‘n voorbeeld van hoe om te leef in ons elke dag. Die lewe is ‘n stryd. Die lewe van ‘n gelowige is nie ‘n lewe van rus en vrede en rustigheid nie; dis ‘n geveg.

Ons moet met hierdie bewustheid leef: ons is in ‘n oorlog.

Vir enige soldaat is dit van kardinale belang om die regte wapenrusting te dra; dit moet reg sit, en dan saam met dit moet jy ook die regte opleiding kry om die wapen te kan gebruik, want dit gee jou die maksimum beskerming.

Ek dink dadelik aan Dawid net voor hy teen Goliat sou baklei: gee Saul vir hom sy eie wapenrusting.

**1 Sam 17**

38 Saul het sy eie uitrusting vir Dawid laat aantrek: hy het 'n bronshelm op sy kop gesit en hom 'n harnas laat aantrek, 39 en Dawid het Saul se swaard bo-oor sy uitrusting vasgegord. Maar hy kon nie loop nie, want hy was dit nie gewoond nie.

Die wapenrusting moet iets wees waaraan jy gewoond is; dis ‘n elke dag iets om deel van jou lewe te maak.

Die manier wat Paulus die wapenrusting beskryf is briljant…

Hy begin met die Gordel van waarheid en eindig met die swaard van die Gees wat die woord van God is.

Dis die briljantheid van hoe hy die hele beeld omarm met die idee: Hy begin met waarheid en eindig met die woord van God.

Hy vestig die idee dat waarheid, wat beskryf is as ‘n belt is, ‘n fundamentele deel van die wapenrusting is. Die belt is die ankerpunt van die soldaat se wapens; sy swaard hang daarop, en daarom is dit die basis waarop hy veg.

Sonder die belt, kan ‘n soldaat nie die swaard hê nie.

Ander wapens, spiese

Sonder ‘n **belt** sal die soldaat sterf

Paar weke terug het Koos met ons gesels oor die Belt van die waarheid.

Die Bybel stel ons voor dat die waarheid ‘n persoon is wat ons kan ken.

Johannes, as hy sy evangelie begin, stel hy ons voor aan hierdie persoon wat as die waarheid beskryf word. Hy skryf:

IN DIE BEGIN, was die Woord… en in HOM is daar LEWE…

Van die heel begin van die storie…

Hy hou alles bymekaar en in HOM is daar lewe.

Hierdie waarheid is die fondasie van die swaard.

So daarom is die logiese ding hier, dat in die woorde van hierdie boek, ontmoet ons die een wat die voluit van LEWE bring. So hoekom sal ons nie ons lewe volgens dit inrig nie?

As die Bybel sê ek moet dit doen, dan moet ek dit doen.

As die Bybel sê ek moet dit vermy dan vermy ek dit, en dit maak nie saak hoe ek daaroor voel of hoe ek dit kan uitredeneer nie. As die Bybel daardie grens daar stel, moet ek leef by daardie grens, want daarin is LEWE…

Johannes begin sy evangelie met die woorde: IN DIE BEGIN…

En dit is juis ‘n baie belangrike leidraad.

Want ons kan iets van hierdie sien heel in die begin van die storie, van die WOORD wat lewe gee…

**Gen 2:16-17**

16 En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, 17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

‘n Duidelike riglyn.

Hierdie riglyn is ‘n uitnodiging tot lewe, en die voluit daarvan, en dis nie net om ‘n **reël** daar te stel nie, dit is ‘n waarskuwing, dat daardie ding jou lewe kan steel, as jy dit kies.

Van die heel begin van die storie, kom God en nooi die mens om sy WOORDE te volg, want hierin kan ons lewe vind.

Maar in Gen 3... Ken ons die storie van die slang wat praat...

En vra die eerste vraag in die Bybel: **Gen 3:1b**

...Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?

Kyk wat doen hy: hy praat met HAAR logika:

Is dit so dat God dit gesê het?

Is jy seker dit is wat hy bedoel het?

Is dit nie bietjie oorbodig nie?

Kom nou Eva, in hierdie lewe van vandag, kan dit werklik waar wees?

En kyk hoe slinks is hy in HOE hy die vraag vra: Mag julle van GEEN boom eet nie?

Hy probeer haar mislei, hy probeer haar bedrieg.

Dis nie wat God gesê het nie, maar dis wat hy doen: begin om die waarheid te breek.

Dis die plan van die vyand: hy is aktief besig om jou lewe te wil verwoes. En die manier wat hy dit doen is om jou weg te dryf van dit wat God sê... sy woorde... want HY WEET dit is waar ons krag lê.

So hy sal altyd idees plant, ons weg van die woord hou...

In daardie boek van CS Lewis, **Screwtape Letters**

Is daar die senior duiwel wat die jonger nuweling oplei om hulle werk te doen. So wanneer jy praat van die patient, praat hy van my en jou

**Screwtape Letters - CS Lewis**

"I do not think you will have much difficulty in keeping the patient in the dark. The fact that 'devils' are predominantly comic figures in the modern imagination will help you. If any faint suspicion of your existence begins to arise in his mind, suggest to him a picture of something in red tights, and persuade him that since he cannot believe in that (it is an old textbook method of confusing them) he therefore cannot believe in you."

Is dit regtig wat God gesê het?

En daardie oomblik word die mens gevang…

En dood kom in die wêreld in, as ‘n direkte nagevolg om NIE die woorde van God te volg nie.

Kyk wat is Jesus se belofte:

**Johannes 15:1-11**

7 As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8 My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is. 9 Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. 10 As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly. 11 “Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees.

Jesus gee hier die beeld wat Paulus ook beskryf dat daar ‘n soort lewe is waar blydskap volkome… volledig is, ten spyte van die omstandighede.

Jesus beskryf die kruin van die LEWE.

VOLLEDIGE BLYDSKAP / VREUGDE… Dit is ‘n radikale stelling.

Jesus sê daar is GEEN beter emosionele toestand AS WAT jy in HIERDIE soort lewe kan kry nie.

Bly in my, volg my woorde, DAN sal julle BLYDSKAP volkome kan wees…

Ek dink blydskap is die woord wat ons soms mislei, want ons dink dis net ‘n prentjie van lag en vreugde, maar die lewe van Paulus wys ons hoe lyk so ‘n lewe waar hierdie BLYDSKAP selfs beleef kan word met ‘n traan.

Paulus, en hy skryf ‘n brief aan die gemeente in **Filippi**… terwyl hy in die tronk is… en hierdie tronke is wreed vuil en steel jou menswaardigheid.

Wat sal jy sê is die oorhoofse tema van hierdie brief wat Paulus in die plek sal skryf?

Wel, hierdie brief aan die **Filippense**… is 4 **hoofstukke**, 104 verse van BLYDSKAP.

En dis die vreemdste ding, want die lewe is nie goed vir Paulus nie; sy omstandighede is erger as wat ek en jy ooit sal beleef… MAAR

die tema van die boek, beskryf die kommentare as:

Knowing Jesus Christ is much more joyful and important than anything else,

Dis hoekom Jesus sê: BLY IN MY EN IN MY WOORDE…

Want dis net daar waar jy die voluit van lewe gaan vind.

‘n Soort Vreugde wat PYN nie vermy of onderdruk nie.

Dit kan sy arms om die volle spektrum van hierdie menslike ervaring draai.

Paulus het iets verstaan van hierdie lewe.

En daarom dink ek dis so briljant om die wapenrusting met hierdie deel af te sluit.

In Markus 4 lees ons die gelykenis van die saaier:

Jesus vertel die storie van ‘n saaier wat saad saai, en hoe saad op verskillende plekke val en wat met daardie saad gebeur. Sommige val op vrugbare grond, sommige vreet die voëls, sommige word deur dorings verstik. Jesus wil iets tuis bring vir die hoorders…

Paar verse later gee Jesus die verduideliking van hierdie gelykenis:

**Markus 4**

14 Die saaier saai die woord. 15 En dit is hulle wat langs die pad is — waar die woord gesaai
word, maar sodra hulle dit gehoor het, kom die Satan dadelik en neem die woord weg wat in
hulle harte gesaai is. 16 Net so ook is hulle by wie op rotsagtige plekke gesaai word — wat, as
hulle die woord hoor, dit dadelik met blydskap aanneem, 17 maar geen wortel in hulleself het
nie; hulle is net vir 'n tyd. Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord,
struikel hulle dadelik. 18 En hulle by wie in die dorings gesaai word — dit is hulle wat die woord
hoor, 19 en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede
in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar. 20 En dit

is hulle by wie in die goeie grond gesaai is — hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig- en een sestig- en een honderdvoudig.

Hierdie gelykenis word gesien as een van die sentrale gelykenisse.

Daar is mense wat die woord hoor, maar dit doen niks aan hulle nie.

Maar daar is ook daardie mense wat die woord HOOR en met blydskap ontvang. Jy glo dit, jy hou daarvan om dit te hoor, maar dit verander nie jou manier van leef nie. Daar is geen diepte nie. Wanneer dinge moeilik raak, val jy terug.

Want daar is nie blydskap nie; daar is nie die voluit van lewe wat jou anker nie.

Dan is daar is ook die mense: hulle hoor die woorde, maar die dinge van hierdie wêreld is net te aanloklik om te los. Die koste is te groot om dit prys te gee. En dan is jy onvrugbaar.

Maar dan die laaste groep, die wat die WOORD HOOR, AANNEEM en DOEN... Hulle dra groot vrug, en die vrug... is LEWE.

**Jakobus 1:22** benadruk die idee:

22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

Daar is ‘n soort lewe, waar die vyand heel gelukkig is met jou wat die Bybel lees, en ook dat jy kerk toe gaan. Want jy lees die woorde, en jy hoor die woorde, maar jy doen nie wat dit sê nie, en soos **Jakobus** sê, dan bedrieg jy jouself, en om te bedrieg is presies in die kraal van wat die vyand doen.

Jesus sê

**Matt 7:26-27**

26 En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het.

27 En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.

net soos in die BEGIN van die storie... Toe hulle die woorde gehoor het en nie gedoen het nie.

So Paulus se raad is:

**2 Tim 3:16-17**

16 Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Volkome LEWE...

Die wapenrusting, tot en met verlede week, is al die dele om jou te beskerm; dit is verdedigend. Die borsharnas, helm, die skild, alles beskerm jou teen aanvalle.

Maar die swaard... dit is die deel van die wapenrusting wat aanval. Dis die enigste deel van die wapenrusting wat iets aan die vyand doen.

En Jesus se versoekings in die woestyn wys ons hoe dit lyk om die swaard te gebruik.

Lewis maak 'n baie ware stelling oor Jesus se versoekings:

"We never find out the strength of the evil impulse inside us until we try to fight it: and Christ, because he was the only man who never yielded to temptation, is also the only man who knows to the full what temptation means."

CS Lewis

As Jesus, wat die volle gewig weet van versoekings, en dit reg gekry het om dit te weerstaan, hoeveel **te meer** is dit nie iets wat ek en jy moet ook doen nie...

In Matt 4 lees ons dit

1 TOE is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. 2
En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. 3 En
die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe
brode word.

Jesus, dis logies, daar is mos niks fout om te eet nie.

U is die Seun van God

DOEN DIT...

Kyk hoe help hy Jesus verskonings maak...

4 Maar Hy (JESUS) antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Met elkeen van die versoekings het Jesus gesê: Dit staan geskrywe… Dis die woorde van God.

Dis die riglyn vir my lewe. Jesus gebruik die swaard presies soos 'n soldaat wat die regte opleiding het, reg om deur al die idees en leuens te sny.

En kyk wat gebeur:

11 Daarna het die duiwel Hom laat staan…

Presies wat **Jakobus** onderstreep in

**Jakobus 4:7**

7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Die Griekse woord vir duiwel is: *diabolos*, 'n werkwoord wat beteken om te lieg en te laster.

**Johannes 8:44**

Tweede deel van vers 44 gee Jesus 'n beskrywing van die vyand:

**"He was a murderer from the beginning, (Van die begin van die storie) not holding to the truth, for there is no truth in him. When he lies, he speaks his native language, for he is a liar and the father of lies."**

So hierdie VYAND weet: as hy net kan kry dat jy sy **leuens** glo, dat jy sy woorde begin glo as waarheid… dan steel hy jou lewe…

Hy weet as hy net kan kry om nie die woorde van God te volg nie.

Hy weet as hy net jou kan kry om verskonings te maak, om nie die woord te volg nie.

Is dit soos om jou belt en jou swaard by die huis te los as jy in die oorlog gaan. Hy weet jy staan nie 'n kans nie.

Die uitnodiging van Paulus met hierdie beeld van die SWAARD is dat ons die woord van God so goed sal ken, so gewoonte sal wees, en die praktiese uitvoering daarvan sal DOEN, dat ons dit kan gebruik in ons elke dag lewe.

In die oomblik…

En nie net om die woorde te ken nie, maar in die wysheid agter die woorde, en dit te vertrou en te leef. Paulus het dit geleef.

In Handelinge 23 lees ons Paulus is in die hof, en hier is ‘n wonderlike menslike oomblik toe Paulus **homself** bloedig vererg het.

**Handelinge 23**

1 Paulus het die lede van die Joodse Raad vierkantig in die oë gekyk en gesê: “Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het.” 2 Toe beveel die hoëpriester Ananias die mense wat by Paulus staan, om hom op sy mond te slaan. 3 Daarop sê Paulus vir hom: “God sal jou slaan, jou skynheilige! Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor, maar in stryd met die wet beveel jy dat ek geslaan moet word.”

Hy reageer in die oomblik met sy woede en emosies… Dink net aan die oomblik jy staan daar en jy word beskuldig en dan slaan hulle jou in die mond. Ek wou woedend gewees het. En dan uit sy WOEDE **vererg** hy hom, en kyk die uitroepteken **na die** woorde, hy gil dit:

“God sal jou slaan, jou skynheilige!”

4 Die mense wat by Paulus staan, sê toe vir hom: “Skel jy die hoëpriester van God uit?” 5 Daarop antwoord hy: “Ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie, broers.”

Hy besef, en dadelik, in die oomblik van woede, soek hy nie verskoning nie, al het hy al die rede gehad, al was hy reg… kyk wat sê hy:

Dit ís soos daar geskrywe staan: “Jy mag nie 'n leier van jou volk beledig nie.”

Prakties leef Paulus die skrif, want hy ken dit so goed dat hy dit onmiddelik kan toepas in sy lewe.

Die Woord van God sny deur die emosies.

Dit sny deur die gevoelens wat ek het.

Dis ‘n lewe.

Dis ‘n dissipline.

En om dit prakties deel van jou lewe te maak...

Hierdie gebeur nie net in ‘n oomblik nie, dis ‘n **lewenslange** groei en **commitment**.

EN Paulus sê die doel is om staande te kan bly in hierdie lewe.

In 1995 het Gaylord Kambarami, die algemene sekretaris van die Bybelgenootskap van Zimbabwe, gereis na ‘n klein dorpie om kopieë van die Nuwe Testament te versprei. Hy ontmoet ‘n man wat geweier het om ’n Nuwe Testament te koop. Mnr. Kambarami het hom gevra hoekom, en hy het gesê: “Omdat dit mense besoedel.” **Mnr.** Kambarami het hom toe gesê hy kan die Bybel gratis kry.

Die man antwoord toe: “As u my daardie Nuwe Testament gee, sal ek die bladsye rol en dit gebruik om sigarette mee te maak!” **Mnr.** Kambarami sê toe: “Okay, maar belowe my ten minste om die hele bladsy te lees voordat u dit rook.”

Die man het ingestem en is daar weg met sy nuwe testament.

Twee jaar later is **Mnr.** Kambarami terug in die omgewing. Hy was besig om by ’n tentbyeenkoms te praat en het vir skares mense vertel hoe die Bybel hul lewens kan verander.

Dieselfde man wat Nuwe Testament geneem het om op te rook, was toe in die gehoor. Voor die afsluiting van die diens het hy opgestaan en gesê: ‘Asseblief, laat ek ’n paar woorde vir sê.’ ... ‘Hierdie man onthou my nie; want toe ek hom laas gesien het, was ek ’n dronkaard. Maar hy het na ons dorpie gekom en my oorreed om die Bybel te vat. Ek het vir hom gesê ek sou die papier gebruik om sigarette te rol, maar ek het belowe om elke bladsy te lees voordat ek dit rook, en dit is presies wat ek gedoen het.

Ek het toe my pad deur Matteus gerook. En ek het ook die hele Markus gerook. Toe rook ek Lukas. Ek het Johannes begin rook, maar toe ek by Johannes 3:16 kom wat sê ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê’ - het ’n lig in my gesig geskyn. En nou is ek ’n kerkgaande mens. Ek het die lig gesien.”

Het jy ooit gedink dat jy SO ‘n uitdagende storie van iemand wat die Bybel gerook het gehoor?

Maar die waarheid van die **Hebreërskrywer** se woorde het in die man se lewe gebeur.

**Heb 4:12**

12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Hierdie woorde is LEWEND en as jy toelaat dat die woorde jou eers sny, en hierdie binneste oopmaak en toelaat dat die lig skyn, sal jy dit begin leef in jou elke dag lewe...

En jy sal lewe hê en dit in oorvloed, want

**Psalm 119:105**

105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

En die duisternis sal dit nie kan oorweldig nie.